ALGEMENE INLIGTING – 2020

REGISTRASIE: Koshuis: R500 administratiewe fooi betaalbaar vóór of op dag van onderhoud (betaal by Hoërskool)
Skool: R500 administratiewe fooi betaalbaar vóór of op dag van onderhoud

SKOOLFONDS: Dit beloop R23 400-00 per jaar (5% afslag indien die volle bedrag vooruit betaal word (15 Februarie 2019) en 3% korting indien u 'n aftrekorder by finansies teken. (Samba betalings uitgesluit). U kan reël vir 10 x R2 340-00 per maand betalings (Januarie - Oktober)

KOSHUISFOOI: **DIT MOET KWARTAALLIKS OP DIE EERSTE SKOOLDAG REEDS BETAAL WEES WANNEER U DIE LEERDER KOSHUIS TOE BRING VIR DIE NUWE KWARTAAL. BEWYS VAN BETALING MOET DAN GETOON WORD.**

Gr. 8 in Le Rouxhuis – R9 420-00 per kwartaal - betaal by Laerskool
Gr. 9 – 11 in Joostehuis – R9 420-00 per kwartaal.
Gr. 12 in Joostehuis – R10 830-00 per kwartaal en
indien sy die 4de kwartaal inbly – R450 per week.

KOSHUISBUSSIES: Gr. 8: R150 is kwartaalliks by die Hoërskool betaalbaar. Die bussie ry 'n roete langs Eerstelaan, Parkweg, UV en dan na die noorde – beplan afsprake binne dié roete. Slegs vir koshuisleerders.

MIDDAGSTUDIE: Doen skriftelik navraag by die kantoor gedurende die eerste week. Dit word gratis aangebied.

SKOOLKLERE: Alles is by Kloppers by die Waterfront beskikbaar. Die Entrepreneurswinkel - *@OMS* - beskik oor goeie tweedehandse klere. Nuwe sportdrag word hier bestel.

SOMER:
Die eerste en vierde kwartaal –

Gr. 12: Matriekdrag.
Gr. 8-11:

a) Oranjeskoolrok, <u>nie korter nie</u> as 10 cm bokant die knie wanneer sy kniel.
b) Wit sokkies (sonder strepe, omgevou) en swart skoolskoene met bandjie oor die brug/geen blommetjies.
c) Donkerblou reënjas.
d) **Wit** haarlinte, knippies, bolletjies, rekkies

WINTER:

a) Wit langmou skoolhemp en skooldas.
b) Donkerblou springjurk, nie korter nie as 10 cm bokant die knie wanneer sy kniel.
c) Lang swart kouse.

d) Donkerblou jas (indien nodig)
e) 'n Donkerblou serp (@ OMS)
f) Geen juweliersware behalwe KLEIN oorringetjies of KLEIN bolletjies sonder enige versierings (goud of silwer)
g) Donkerblou haarlinte.
h) Die besit van 'n kleurbaadjie is verpligtend. Dogters dra 'n kleurbaardjie wanneer hulle koud kry en wanneer dit baie koud is, ook 'n trui.
i) Geen tatoeëermerke nie.

Niemand dra slegs 'n trui by 'n skoolrok nie!!

SKOOLTAS: Donkerblou met afskortings.

HARE: Kaukasies: **Geen** gekleurde hare of sonstrepies nie. Slegs netjiese en eenvoudige style.
African: Netjiese invlegsels wat vasgemaak word.

VERSKUILDE UITGAWES: ± R100 vir toegang: Gala, atletiek, Valentynsete (R50),
Plankie-ma. Elke leerder benodig buiten die skoolfonds 'n Gr. 8-pakket: portefeuljes, Kunspakket, boekoortreksels, lêers, plastiek, lêer afskorting en 'n sakrekenaar - (Koop by @OMS).

NUWELINGSETE: Saam met ouers in Januarie – R50 per persoon. Die hele gesin is welkom.

WAARDES MAAK SAAKKAMP: Hierdie is 'n kamp waarheen ons graag al die Gr. 8's gedurende Maart 2019 wil stuur. Die inhoud handel rondom die Christelike waardes wat saak maak by Oranje. Dis 'n noodsaaklike kamp vir u dogter se aanpassing in die Hoërskool, by maats en die klasonderwysers. Juis daarom reël ons dit in skooltyd. Ons eie Gr. 8-personeel sal die groep vergesel. Koste: ± R1 120-00 betaalbaar by finansies. (Dit sluit in vervoer, verblyf en 3 etes per dag).

FOTO'S: Daar word skoolfoto's gedurende die eerste kwartaal geneem. Die leerder kry 'n A5, jumbo + 6 ID-foto's. Die skool wil asb. 2 x ID foto's hê vir die leerders se administratiewe lêer. Die koste vir die pakket is: R50 per leerder.

APTEEK:

Clicks Apteek
Winkel 10, Baysvillage
Tel: 051 436 7741

Voortrekker Apteek
Middestadsentrum
Tel: 051 4484757

Medi-Bloem Apteek
Medi-Kliniek
Tel: 051 444 2311

DOKTERS:

D*r. J. Loots*
Louw Wepenerstr. 54
Dan Pienaar
Tel: 051 436 8080